# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village - 22/2022 - 12 SEPTEMBER 2022*

Dit was met groot leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van Johan Coetzee. Hy het as voorsitter van ons Huiseienaarsvereniging en ook eerder, as direkteur finansies ’n uitstekende bydrae aan ons oord gelewer. Sy kennis, integriteit en leierseienskappe sal gemis word.

Ons wens sy familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

Die roudiens sal Vrydag 9 September om 11:00 vanuit die NG Kerk Overkruin wees. Die adres van die kerkgebou is Kameeldoringlaan 65 Wonderboom.

Die diens sal “gestream” word vir die wat dit nie kan bywoon nie. Die adres daarvoor sal per sms deurgegee word.

## WATER

Daar is steeds waterbeperkings van krag. Detail onlangs weer gesirkuleer. Ons sal nie inwoners soos munisipale inspekteurs vervolg nie. Ons water rekening bly egter buitengewoon hoog. Elkeen se samewerking in die verband is nodig.



**Wat baie inwoners en ook die bestuur dwars in die krop steek, is die water wat in strate afloop! Daarteen gaan ons beslis optree.**

## KOFFIEWINKEL

Die werk gaan voort en sal waarskynlik teen einde September voltooi wees.

## DIE BRAAI-AREA EN AFDAK



Hier het ons eers ’n probleem wat tans aangespreek word. Daar is toe ’n rioolpyp, 2 meter en selfs dieper, wat onder die beplande afdak/gebou loop. Die moet, volgens wet, nou eers “geboks” word.

Die nodige kwotasie is ontvang en werk het reeds begin. Lyk na vertraging van ongeveer ’n week. Beplan steeds vir voltooiing teen einde November.

## STOEPE

Kwotasie vir die eerste stoep se dak is ontvang en aanvaar. Die werk behoort binnekort te begin. Die eerste stoep sal die een by die wassery wees.

## SUN EXCHANGE SE SONPANELE PROJEK

Tshwane munisipaliteit het toestemming gegee en kom toe met verdere vereistes. Dis uiters frustrerend. Kaapstad se stadsraad het reeds meer as 40 soortgelyke projekte net vir Sun Exchange goedgekeur. Kaapstad het gevolglik BAIE MINDER beurtkrag as die res van die land en Tshwane spesifiek. Hierdie aanhaling van ‘n berig ontvang van Sun Exchange wat ook aandui dat hulle gefrustreerd is met Tshwane.

> ***As you may know the Tshwane Municipality has requested that we install MV protection in the form of a motorised breaker in the Ring Main Unit onsite, however the RMU cannot accommodate a motorised breaker. The first thought was that perhaps the whole RMU could be replaced with another brand which would facilitate a motorised breaker, however the total cost of this including all the installation and other equipment comes to R549,825 (ex VAT)***

**

***In the meantime, I have personally been in contact with Martin Henshilwood at the City of Tshwane to try and explore alternatives, which is what I am working through currently.***
***I have suggested to him that we install a motorised breaker on the LV side instead. This would prevent solar power from stepping up to 11kV during power outages from the city. I am awaiting his response to this. RMU***

Intussen bevestig ons dat Sun Exchange wel gaan begin met die oprigting. Daar sal wel (moontlik effens gewysig) aan munisipale vereistes voldoen kan word sonder benadeling van ons ooreenkoms met Sun Exchange.

## PLANTJIES WAT GESTEEL WORD

Daar is gereelde klagtes dat van ons inwoners se plante gesteel word. As u plantjies soek, vra tog maar eers, soos beskaafde mense dit sou doen. Meeste van ons inwoners is redelik. Diefstal is nie redelik nie.

## KERKDIENS 11 SEPEMBER 2022 IN ONS SAAL

Na aanleiding van ons oord se negejarige verjaarsdag sal die diens 'n spesiale danksseggingsdiens wees vir al die seëninge wat ons as oord deur die jare ervaar en ontvang het. Ds. Tienie de Bruyn sal die diens lei.

## ONS DSTV GROEP

Ons DSTV groep, wat 'n kommersiële pakket vir ons inwoners beskikbaar stel, is nou net meer as 8 jaar oud. Ons het tans 199 lede waarvan 24 PVR lede is. Dis 'n privaatgroep en word deur vrywilligers bestuur en beheer. Dis NIE 'n groep met tegniese kennis NIE. Dis slegs 'n groep wat die administrasie behartig en kontroleer dat betalings maandeliks deur al die lede gedoen word.

Ons soek mense om die bestuur en beheer daarvan oor te neem.

Dis 'n dringende oproep, huidige bestuur het TE VEEL ander ysters in die vuur, maar sal help om oordrag te fasiliteer.



**JAN BUTER**
**VOORSITTER**